LES 15: 'n NUWE NAAM

DOEL

Dat die kinders verstaan dat wanneer God jou vergewe, jy nie 'n vergeefde sondaar is nie, maar 'n nuwe mens.

HULPMIDDELS

viltpen en plakkers
7 papierborde en tou
'n boek of inligting oor name en hul betekenisse
'n plakkaat met die woorde "sonde" twee maal onder mekaar geskryf
rooi koki

INLEIDING

Gee aan een groeplid of kleingroep-leier 'n plakker teen die voorkop met die naam van 'n bekende persoon of storieboek karakter. Hy mag nie weet wat die naam is nie en hy moet aan die gehoor vragies vra om uit te vind watter karakter hy is. Die kinders mag net "ja" of "nee" of "ons weet nie" antwoord. Gebruik 'n tweede naam sodra die eerste naam reg geraai is. Probeer die tipe karakter afwissel, m.a.w. gebruik 'n goeie en 'n slegte karakter (bv. die wolf van Rooikappie, Mickey Muis, Pierre Spies of Hanna Montana, ens.)
Sien julle hoe jou naam, jou identiteit (of wie jy is) gevorm het in hierdie speletjie? 'n Mens raak sommer bang as jy 'n naam hoor van 'n slegte of gevaarlike karakter. 'n Mens kry ook deesdae boeke met name en die betekenis daarvan. Weet enigeen van julle wat jou naam beteken? (Indien jy dalk jou eie naam kon naslaan, verduidelik aan die kinders wat jou eie naam beteken.)
Kan julle onthou wat Jakob se naam beteken? Sy naam beteken "bedrieër" en sy lewe tot nou toe wys dat hy meer as een keer ander mense bedrieg het, en dat hy ook 'n paar keer self bedrieg is. Verlede week het ons egter gehoor dat God Jakob vir AL sy sondes vergewe het en vir hom 'n splinternuwe naam gegee het. Lees Gen 35: 9-12. Dit is die tweede keer dat die Bybel dit noem. Toe Jakob met die man by die Jabbokrivier gestoei het (Gen 32:28), is sy naam ook verander. Hierdie nuwe naam is "Israel". Dit beteken "stryd voer met God".

HOFSAAK SKETS

Ons stel voor dat dat julle 'n kort toneeltjie opvoer om vir die kinders te verduidelik dat die Here se genadige vergifnis ons nie op parool uitlaat nie. Sy vergifnis neem nie net bloot ons skuld weg nie. Nee, dis selfs meer as dit. Sy genade maak ons nuut, dit gee ons 'n nuwe identiteit en dit verklaar ons onskuldig! (Deel die skets uit aan kinders wat kan lees sodat hulle dit opvoer.)

Jy benodig 4 kinders vir die volgende rolle:
Regter, Beskuldigde, Aanklaer, Verdediger
Maak plakkate met papierborde en tou wat om die kinders se nekke kan hang. Skryf die volgende op die papierborde: Regter, Beskuldigde, Aanklaer, Verdediger, Dief - gevonnis met R5000, Dief - maar vrygespreek, Onskuldig - vry om te gaan.

DRIE SCENARIO'S

Scenario 1:

Regter: Wat is die aanklag?
Aanklaer: Die beskuldigde het 'n fiets gesteel.
Verdediger: Hy het dit nie gesteel nie. Hy het dit net gevat, want dit het buite die huis gestaan.
Aanklaer: Dis nog steeds steel, want jy vat iets wat nie aan jou behoort nie.
Regter: Die uitspraak is soos volg: Die beskuldigde is 'n dief en moet R 5 000 gee om vir sy skuld te betaal.

(Haal die bordjie "beskuldigde" van sy nek af en vervang dit met die bordjie wat sê "Dief - gevonnis met R 5 000".)

Scenario 2:

Regter: Wat is die aanklag?
Aanklaer: Die beskuldigde het 'n fiets gesteel.
Verdediger: Hy het dit wel gesteel, maar hy het later besef dis verkeerd. Hy het toe die fiets teruggeneem.
Aanklaer: Ja, maar hy het dit gesteel en dit maak hom 'n dief.
Regter: Die uitspraak is soos volg: Die beskuldigde is wel 'n dief, maar aangesien hy die fiets teruggee het, word hy onskuldig verklaar.

(Haal die bordjie "beskuldigde" van sy nek af en vervang dit met die bordjie wat sê: "Dief - maar vrygespreek".)

Scenario 3:

Regter: Wat is die aanklag?
Aanklaer: Die beskuldigde het 'n fiets gesteel.
Verdediger: Dit maak nie saak of hy gesteel het of nie. Ek betaal enige vonnis wat moontlik opgelê kan word.
Aanklaer: Beteken dit jy staan in daarvoor?
Verdediger: Ja, ek neem sy skuld op my.
Aanklaer: Dan beteken dit die Verdediger word aangekla en die aangeklaagde is vry.
Regter: Die uitspraak is soos volg: Die aangeklaagde is vry en is nie meer die aangeklaagde nie. Die verdediger word die aangeklaagde.

(Haal die bordjie "beskuldigde" van sy nek af en vervang dit met die bordjie wat sê: "Onskuldig - vry om te gaan".)

TOEPASSING

Verduidelik vir die kinders dat dit presies is wat die Here met ons doen: Hy neem ons skuld op Hom sodat ons kan vry wees. Hy vergewe ons nie net ons sondes nie, Hy gee ons ook 'n nuwe naam. Maar hoe reageer ons daarop?

Het julle al gesien hoe dit lyk buite 'n hofsaal as daar 'n groot hofsaak is? Mense kom buite die hof bymekaar en hou plakkate in die lug en skree of sing. Op die plakkate staan wat die mense dink oor die man of vrou wat beskuldig word. Ons almal het ook al sonde gedoen. Miskien het iemand jou al beskuldig dat jy iets verkeerds doen. Partykeer voel jy skaam en skuldig oor dinge wat jy al verkeerd gedoen of gesê of gedink het. Dan kan dit voel asof iemand 'n plakkaat oor jou in die lug hou waarop staan: "Sonde Sonde!". (Hou jou eie plakkaat met die woorde op in die lug.) Die Verdediger in ons lewens, Jesus Christus, verander ook ons naam net soos vir Jakob. Hy kom skryf met sy reddende genade 'n "R" na ons sonde. (Vat die rooi koki en skryf 'n groot "R" langs die eerste "Sonde". Nou staan daar "Sonder sonde!".) Deel aan die kinders die uitdeelstuk uit en help hulle om 'n rooi "R" langs die eerste sonde te skryf. Plak dit op 'n tong-stokkie of roomys-stokkie sodat dit soos 'n plakkaat lyk. Stuur die kinders hiermee huis toe. Leer hulle dat ons hierdie woorde moet uitroep oor elke ander kind van die Here, in plaas daarvan om hulle heeltyd te veroordeel oor hul sondes.

SONDE SONDE! word SONDE **R** SONDE!